Get more papers from: www.mycourses.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2022

# BESIGHEIDSTUDIES V1

www.mycourses.co.za

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige TWEE)** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige EEN)** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Anker Bank word in die … sektor bedryf, omdat hul in die verskaffing van finansiële fasiliteite spesialiseer.

A primêre
B sekondêre
C tersiêre
D ekonomiese

1.1.2 Die manier om magsverhoudinge te vorm deur hoe besighede krediet maklik kan verkry, is deur …

A strategiese alliansie.
B oorreding van groot beleggers.
C beïnvloeding van maatskappy-verteenwoordigers.
D beïnvloeding van regeringsverteenwoordigers.

1.1.3 Walters Koeldranke verander hul verpakking voortdurend; dit staan as … bekend.

A verpakking vir dubbele gebruik
B verpakking vir herverkoop
C spesialiteitsverpakking
D kaleidoskopiese verpakking

1.1.4 Besighede gebruik … as verkoopspersoneel aangesig tot aangesig kommunikasie met potensiële kliënte het.

A persoonlike verkope
B advertering
C afsetbevordering
D publisiteit

1.1.5 Die ... verseker dat die menslikehulpbronbestuuder waak teen diskriminerende aanstellings.

A Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
B Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)
C Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
D Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997)

(5 x 2) (10)

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| oorname; induksie; uitsoekgoedere; industriële verhoudinge; volle beheer; onderhoud; samesmelting; geriefsgoedere; industriële aksie; geen beheer |

1.2.1 Besighede het … oor mikrolenings.

1.2.2 ŉ … het plaasgevind toe Fuller (Edms) Bpk. en Paddy (Edms) Bpk. ooreengekom het om een besigheid te vorm.

1.2.3 Die interaksie tussen die werknemers en die bestuur staan as … bekend.

1.2.4 Verbruikers koop … nadat hulle tyd en moeite ingesit het om dit met soortgelyke produkte te vergelyk.

1.2.5 Die verkryging van inligting oor die sterk- en swakpunte van elke kandidaat vind plaas tydens die ... van die kandidaat. (5 x 2) (10)

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Netwerkvorming | A ontwikkel en publiseer standaarde vir produkte en dienste |
| 1.3.2 Uitsluiting | B geskikte aansoekers word geïdentifiseer deur voorlopige onderhoude te voer |
| 1.3.3 Gradering | C bevoordeling van besighede deur die regering se beleid te probeer beïnvloed |
| 1.3.4 Gehaltesirkels | D uitgevoer deur die werknemer in ŉ poging om aan sy eise te voldoen |
| 1.3.5 Keurings-prosedure | E die proses om ŉ eenvormige stel kriteria te ontwikkel om die produksie van kwaliteit produkte te verseker |
| | F bevoordeling van besighede deur verbindings te maak met behulp van besigheidswebwerf-platform |
| | G uitgevoer deur werkgewers om te verhoed dat werknemers die werkplek betree |
| | H geskikte aansoekers word aangemoedig om vir vakante poste aansoek te doen |
| | I die proses om individuele eenhede van ŉ produk in kategorieë volgens hul kwaliteit te sorteer |
| | J ontwikkel oplossings na die analisering van probleme met die produksieproses |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem TWEE voorbeelde van kontemporêre wetgewing wat besigheidsbedrywighede kan beïnvloed. (2)

2.2 Brei uit oor die betekenis van *magsverhoudinge.* (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**ULNA VERVAARDIGERS (UV)**

Ulna Vervaardigers (UV) het ŉ groot hoeveelheid kapitaal in ŉ inligtingstegnologie-stelsel belê om hul sakebedrywighede op datum te bring. UV het die manier waarop hul onderneming gestruktureer is, verander om mee te ding in ŉ veranderende mark.

Identifiseer TWEE maniere waarop UV by uitdagings van die besigheidsomgewing aanpas. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ŉ RIGLYNE om VRAAG 2.3 te beantwoord.

| MANIERE OM BY UITDAGINGS AAN TE PAS | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.4 Verduidelik die verband tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektore. (4)

2.5 Bespreek die volgende uitdagings van die markomgewing:

2.5.1 Tekort aan verskaffing van voorraad (4)

2.5.2 Verandering in verbruikersgedrag (4)

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ANELA SKOENE (AS)**

Anela Skoene (AS) het hul besigheid na ander Afrika-lande uitgebrei deur ŉ winkel in Botswana oop te maak. Hulle bestee ook geld aan navorsing in die ontwikkeling van hul skoene. Onlangs het die bestuur ook ŉ betroubare verskaffer van rou materiaal vir hul skoene verkry.

2.6.1 Haal TWEE maniere aan waarop AS in die makro-omgewing betrokke is. (2)

2.6.2 Verduidelik ander maniere waarop AS in die makro-omgewing betrokke kan wees. (4)

2.7 Bespreek die voordele van besighede wat in die makro-omgewing betrokke is. (6)

2.8 Stel maniere voor waarop ŉ besigheid hulself van mededingers in die mark kan onderskei. (4)

**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 Noem enige TWEE faktore wat pryse beïnvloed. (2)

3.2 Beskryf kortliks die vereistes van ŉ goeie handelsmerk. (6)

3.3 Identifiseer die tipes tussengangers wat deur Melvin Vervaardigers in ELK van die stelling hieronder gebruik word:

3.3.1 Melwin Vervaardigers gebruik kleinskaalse handelaars om aan verbruikers in kleiner hoeveelhede te verkoop. (2)

3.3.2 Melwin Vervaardigers maak gebruik van verteenwoordigers om transaksies tussen hulle en die finale verbuiker te organiseer. (2)

3.4 Verduidelik totale gehaltebestuur (TGB/'TQM') as deel van gehaltebestuurstelsels. (6)

3.5 Bespreek die rol van openbare betrekkinge in publisiteit. (6)

www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**ASAT REKENMEESTERS (AR)**

Asat Rekenmeesters (AR) het Abie en Isa as finansiële rekenmeesters aangestel. Abie word R5 000 betaal vir elke stel finansiële state wat hy voltooi. Isa word R380 per uur betaal vir die uitvoering van haar pligte.

Identifiseer TWEE salarisbepalingsmetodes wat deur AR gebruik word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ʼn RIGLYN om VRAAG 3.6 te beantwoord.

| SALARISBEPALINGSMETODES | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.7 Bespreek die werwingsprosedure. (6)

3.8 Gee besighede raad oor die wetlike vereistes van ʼn indiensnemingskontrak. (4)
**[40]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Name TWEE komponente van die makro-omgewing. (2)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| BOSHOFF HANDELAARS (BH) |
| --- |
| Boshoff Handelaars (BT) word aan baie uitdagings blootgestel. Die bestuurders van BT het nie voldoende bestuursvaardighede nie. Moeilike werknemers maak ook die daaglikse bestuur van die onderneming ŉ uitdaging. Die nuut geïmplementeerde arbeidsbeperkings beïnvloed BT ook negatief. |

4.2.1 Haal TWEE uitdagings van die mikro-omgewing uit die scenario hierbo aan. (2)

4.2.2 Noem TWEE ander uitdagings van die mikro-omgewing. (2)

4.3 Verduidelik die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge. (6)

4.4 Bespreek verskansing teen inflasie as ŉ soort van invloedwerwing. (4)

4.5 Stel maniere voor waarop besighede ŉ direkte invloed op die omgewing kan hê. (4)

### BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.6 Noem TWEE aspekte wat tydens die produksiebeplanning oorweeg moet word. (2)

4.7 Beskryf kortliks die doel van induksie as ŉ menslikehulpbronaktiwiteit. (6)

4.8 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| WANDA SAKKE (WS) |
| --- |
| Wanda Sakke (WS) spesialiseer in die vervaardiging van verskillende reistasse. Hul ontwerpers werk aan die ontwerp en ontwikkeling van produk-idees wat ŉ een grootte pas almal benadering moontlik maak. |

4.8.1 Noem EEN stadium/stap van die produkontwerp uit die scenario hierbo. (2)

4.8.2 Verduidelik ander stadiums/stappe van die produkontwerp wat ook deur WS gevolg gaan word. (6)

4.9 Gee besighede raad oor plasingsprosedure as ŉ menslikhulpbronaktiwiteit. (4)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan 'n nuwe bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy of VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (SOSIO-EKONOMIESE KWESSIES)

Besighede moet 'n goeie verhouding met die vakbonde hê om stakings te voorkom wat 'n negatiewe impak op besighede het. Die werksomgewing kan beïnvloed word deur etiese wangedrag en rowery en moet dus deur besighede geïdentifiseer en gerapporteer word. Oplossings vir rowery moet geïmplementeer word om intellektuele eiendom te beskerm.

Met verwysing na bostaande, skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf kortliks die funksies van vakbonde.
- Verduidelik die negatiewe impak van stakings as 'n sosio-ekonomiese kwessie op besighede.
- Bespreek DRIE tipes etiese wangedrag.
- Gee besighede raad oor die volgende oplossings vir rowery:
  - Patent
  - Handelsmerk **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (PRODUKSIEFUNKSIE)

Suksesvolle produksiebeplanning maak dit moontlik om die aspekte van produksiebeheer in sakebedrywighede te implementeer. Besighede moet goed ingelig wees oor die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid en moet die nodige voorkomende maatreëls tref wanneer masjinerie gebruik word.

As 'n kundige in produksiebeplanning, skryf 'n opstel oor die volgende aspekte:

- Beskryf kortliks die voordele van produksiebeplanning.
- Verduidelik DRIE aspekte wat tydens produksiebeheer oorweeg moet word.
- Bespreek die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid.
- Beveel voorkomende maatreëls aan wat besighede behoort te neem wanneer masjinerie gebruik word. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou
Source: www.mycourses.co.za